Hoofstuk 3 Die Familie van Imran / Surah Al-Imran

Hoofstuk 3 is 'n uitbreiding op K2:286 wat eindig met: "...Help ons dan teen die ongelowige mense." en verwys na metodes van handeling met ongelowiges asook die behoefte aan mondelinge en fisiese Stryd(Stryd) teen ongelowiges.

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Alief Laam Miem.

Vers 2 tot 6 sit die leerstelling oor die Enigheid van Allah uiteen soos skynbaar verduidelik aan 'n paar Christene wat met die Profeet kom gesels het.

2. Allah: daar is geen god nie behalwe Hy, die Lewende, die Allesinstandhoudende.

3. Hy het aan jou die Koran geopenbaar wat slegs maar net die waarheid wat vooraf reeds bekend was, bevestig het: die Wet en die Evangelie soos dit oorspronklik aan Moses en Jesus openbaar was, om leiding te gee aan die mensdom, en die Forkan: die Koran, maatstaf van wat reg en verkeerd is)(K1:5)

4. Waarlik, diegene wat die verse van Allah verwerp het, vir hulle is daar swaar straf. En Allah is die Magtige, die God van Vergelding.

5. Waarlik, Allah is sodanig dat niks vir Hom weggesteek kan word nie, nie in hierdie wêreld of in die hemel nie.

6. Hy is die een wat julle in die baarmoeders vorm soos Hy wil. Daar is geen god behalwe Allah, die Almagtige, die Alwyse, nie.

7. Hy is die Een wat aan jou die Boek openbaar het. Die presiese betekenis van 'n aantal van die verse is bekend - dit is die belangrikste verse van die Boek – en van ander verse is die presiese betekenis onbekend. Nou, diegene wat slinkse bedoelings in hulle harte het, probeer om die betekenis van die onverstaanbare verse te bepaal of om betekenis daaraan te heg, wat net onenigheid kan veroorsaak terwyl niemand behalwe Allah eintlik die betekenis van die verse weet nie. Diegene egter wat diepgaande kennis het sê: "Ons glo daarin; alles is van Allah af." Slegs die mense wat verstaan, volg die advies.

8."Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, hou ons standvastig om altyd binne U wil te lewe, moenie dat ons harte afdwaal nadat U ons leiding gegee het nie, en skenk ons U genade. Waarlik, U, en U alleen, is die Skenker.

9. Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, U gaan alle mense, van ons tyd, bymekaarbring op 'n dag waarin daar geen twyfel bestaan nie. Waarlik, Allah verbreek nie Sy belofte nie." (*K3:12)

Die fokus skuif nou van mondelinge konfrontasie na fisiese konfrontasie en verse 10 & 11 is die inleiding.

10. "Waarlik, die wat nie glo nie, hulle besittings en kinders sal nie vir hulle genoegsaam wees teen Allah nie. Selfs dit is brandstof vir die Vuur...

11. ...net soos die huis van Farao en die voor hom. Hulle het ons bewyse ontken. So, Allah het hulle gevang oor hulle sonde. Allah is baie erg met straf.

12. Mohammed, sê aan die ongelowiges en die Jode van jou tyd: "Julle sal binnekort oorval word deur die Moslems en bymekaargemaak word in die Hel. Dit is 'n baie slegte bed om op te rus."

13. "Dit het ook dan so gebeur tydens die geveg van Badr en daar is lesse en bewyse vir jou in hoe die twee groepe teenoor mekaar te staan gekom het: die een groep vegtend op die weg van Allah en die ander groep die ongelowiges. Beide groepe het die ander as twee maal soveel as hulleself waargeneem, terwyl die ongelowiges in werklikheid drie keer meer as die Moslems was: die Moslems het na Allah gedraai vir hulp terwyl die ongelowiges met vrees die meerderheid waargeneem het. Allah gee sterkte met Sy hulp aan wie ook al Hy wil, soos Hy dan ook die Moslems die oorwinning laat behaal het. Daar is inderdaad 'n les in vir die wat oë het, die oplettendes en die onderskeidendes met insig."

Die volgende verse verduidelik wat dit is wat die ongelowiges motiveer om vyandig teenoor Islam en Moslems te wees.

14. Allah het dit aantreklik gemaak vir die mens om sy begeertes lief te hê, sodat dit as motivering en toets kan dien: die vroue, die kinders, die opgestapelde hope goud en silwer, die gebrandmerkte perde, die beeste en die boerderye. Dit alles is genietinge van hierdie aardse lewe, wat die mens aanspoor tot dit wat hy doen maar ook toets of hy Allah as sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal erken en onthou. Daardie selfde liefde vir die aardse spoor die mens aan om te streef na die Hemelse, want by Allah is die mooi van die laaste toevlugsoord. (Satan maak egter sekere dinge wat nie toegelaat is nie, aantreklik: K8:48, 16:63, 27:24, 29:38 & K18:46)

15. Maar Mohammed, sê vir hulle: "Sal ek julle vertel wat is ver beter as dit? Vir die wat Allah vrees, is daar tuine waaronderdeur riviere vloei en waar hulle vir ewig sal lewe, met skoon, mooi en rein vroue, en die goedkeuring van Allah. Allah is waaksaam oor Sy diensknegte."

16. -diegene wat sê: "Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, ons het waarlik geglo, so vergewe ons, ons sondes en red ons van die straf van die Vuur

17. en diegene wat geduldig is, die betroubares en die toegewydes, wie spandeer op die weg van Allah en wat vergifnis soek in die vroeë oggendure nog voor die dagbreek."

18. Allah getuig deur Sy wese, kenmerke en manifestasies van krag en skeppingsvermoë, dat daar geen god is nie behalwe Hy – so getuig die engele wat Allah se instruksies uitvoer van wat hulle weet en sien, en manne met kennis: die profete en diegene wat deeglike kennis het van Islam: dat Allah die een is wat geregtigheid vir almal handhaaf. Daar is geen god behalwe behalwe Hy nie, die Magtige, die Wyse.

19. Waarlik, godsdiens in die oë van Allah is Islam en behels die onderwerping aan die Wil van Allah: en geen ander godsdiens nie. Alle ander godsdiens is deur Islam vervang en die aanbidding en goeie dade daarvan is van geen saligheidswaarde nie. Diegene aan wie die Boek gegee was het nie onder mekaar verskil oor Mohammed nie want hulle het die waarheid geken aan die hand van hulle eie geskrifte, behalwe nadat die kennis tot hulle gekom het en hulle bang geword het dat hulle, hul posisies sou verloor teen die Moslems , en dit alles as gevolg van afgunstigheid teenoor mekaar, hul liefde vir mag en invloed en hul arrogante selfbeeld as tradisionele leiers. Wie ook al die verse van Allah bestaansreg ontken, soos die mense van die Boek, Allah sal vinnig met hulle afreken, nie net na die dood in die graf nie, maar ook met die Oordeelsdag..

20. As hulle dan met jou argumenteer, sê: "Ek het myself aan Allah onderwerp, en so ook my volgelinge." Nooi dan diegene aan wie die Boek gegee was: die Jode en die Christene en die ongeletterdes: "Onderwerp julself aan Allah?" Indien hulle hulself onderwerp, sal hulle op die regte weg wees. Maar as hulle nie wil nie, jou taak is slegs om die boodskap te verkondig, aan die Jode, Christene en ongelowiges van Arabië. Of hulle glo wat jy verkondig of nie is nie jou besigheid nie, dis My besigheid. Allah waak oor sy diensknegte.

21. Die Jode wat nie die verse van Allah glo nie, eers die Evangelie en nou die Koran, en die profete sonder rede doodmaak en die mense vermoor wat hulle maan tot reg en geregtigheid en wat pleit vir matigheid in daad en moraliteit: vertel vir hulle dat hulle pynlik gestraf gaan word.

22. Dit is hulle wie se goeie dade vir hulle niks werd gaan wees in hierdie wêreld en in die Hiernamaals nie, en wanneer hulle gestraf gaan word sal daar niemand wees om hulle te help nie.

23. Het julle dan nie die Jode gesien aan wie 'n gedeelte van die Boek, die Wet, gegee was nie? Hulle word

uitgenooi na die Boek van Allah, wat vir hulle genoegsaam sou wees as hulle waarlik vir leiding gesoek het. Maar hulle kies om nie die leiding te volg nie.

24. Dit is omdat hulle gesê het: "Die vuur van die Hel sal ons in elk geval net vir 'n paar dae brand, waarna ons vergifnis sal ontvang." Hulle is mislei in wat hulle glo en in dit wat hulle, hulself maak glo.

25. Hoe gaan dit dan vir hulle wees wanneer ons hulle bymekaarmaak op die oordeelsdag waarin daar geen twyfel bestaan nie en elkeen ten volle betaling gaan ontvang vir dit wat hy verdien het. En hulle sal nie

benadeel word nie.

Die Moslems wat teen die Bisantyne en die Persiërs sou veg is die volgende gebed geleer wat subtiel aandui dat hulle die ongelowiges sou oorweldig

26. Bid dan die volgende gebed: “O Allah, Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die Koninkryk. U gee die Koninkryk aan wie U wil, en neem dit weg van wie U wil: en U skenk eer aan wie U wil en bring skande aan wie U wil. In U hand lê die goeie: want alles uit U hand is goed gesien vanuit die geheel van U Koninkryk, waarin iets vir een persoon sleg mag wees maar vir 'n ander goed. U het sekerlik mag oor alles.”

27. U het beheer oor alle ruimtes en hemelliggame want U maak selfs die nag oorgaan in dag en die dag oorgaan in nag, en U bring die lewende uit die dood soos 'n boom uit 'n saadjie, en die dooie uit die lewende soos droë graan vanaf koring, en U gee aan wie U wil sonder maat.

28. Gelowiges moet nie met ongelowiges vriendskappe smee wat uit die hart kom en waarby hulle emosioneel betrokke is, nie. Slegs formele vriendskap gegrond op gemeenskaplike besigheid is toegelaat, maar nie gewens nie. Dit is verkieslik dat slegs mede gelowiges as vriende geneem word. Wie ook al ongelowiges as vriende neem sal vind dat hulle band van liefde en vriendskap met Allah verbreek is en hulle het geen verhouding met Allah van watter aard ook al nie. Tensy die vriendskap ten doel het om julleself teen hulle te beskerm. Allah waarsku jou teen Homself en na Hom is julle terugkeer.(K60:1,8 & 5:51 & 58:22)

29. Onthou: “Of julle nou dit wat in julle harte is wegsteek of openbaar, Allah weet daarvan.” En Hy weet wat is in die hemele en op die aarde. Allah het mag oor alles.

30. Op die oordeelsdag, wanneer almal voor hullself gebring sal vind, die goeie wat hulle gedoen het en die slegte wat hulle gedoen het, dan sal hy wens dat daar 'n groot afstand tussen hom en daardie dag was. Allah waarsku julle teen Homself. Allah is vol meegevoel met die wat Hom dien.

Die volgende verse bevestig die Profeetskap en die belangrikheid van gehoorsaamheid aan die Profeet as een van die dade van geloof soos belydenis van die Enigheid van Allah.

31. Sê aan hulle, o Profeet: “Julle bely dat julle Allah liefhet: nou as julle Allah liefhet, volg my en wees gehoorsaam aan my, want die mate waarin julle my navolg en gehoorsaam is die bewys van die mate waarin julle Allah liefhet: Allah sal julle daarvoor liefhê en julle, jul sondes vergewe. Allah is Mees Vergewend en baie Genadig.”

32. Se aan hulle: “Wees gehoorsaam aan Allah en die Boodskapper.” Maar as julle dit verwerp en daarteen besluit, onthou Allah het nie die ongelowiges lief nie.

33. Maar Mohammed sleg voel as mense nie jou Profeetskap aanvaar nie: soos vir jou het Allah vir Adam en Noag, die Huis van Abraham en die Huis van Imran uitverkies bo die wêrelde,

34. waarvan sommige die nageslag van die ander is. Allah is die Alhorende, die Alwetende.

35. Imran, se vrou, wat verwag het om aan 'n seuntjie geboorte te skenk, het gesê: “O my Voorsiener en Onderhouer, ek het 'n eed geneem dat wat in my baarmoeder is, is slegs van U. Neem dit dus van my aan. U, ja waarlik U is die Alhorende, die Alwetende. ”

36. So, toe sy geboorte skenk, het sy gesê: “O my Voorsiener en Onderhouer, ek het geboorte geskenk aan 'n dogtertjie...” - maar net Allah het geweet dat Maria nie 'n gewone dogtertjie was nie maar een met 'n spesiale roeping - “...en ek het haar Maria genoem, en ek plaas haar en haar nageslag onder U beskerming teen Satan, die verworpene.”

37. So het Allah, Maria se Voorsiener en Onderhouer, haar dan goed aanvaar, en Allah het haar goed laat opgroei, en Allah het Sagaria, wat ook 'n opsigter en aanbidder by die Moskee was, haar voog gemaak deurdat al die opsigters loodjies getrek het. Imran, haar pa, wat die ideale voog sou wees is oorlede tydens sy vrou se swangerskap. wanneer Sagaria haar ook al besoek het in die huis wat hy vir die doel langsaan die Moskee gebruik het, het hy haar gevind met kos waarvan sommige selfs buiteseisoens was. En as hy haar dan vra: “Maria, waar kom die kos vandaan” het Maria geantwoord: “Dit kom van Allah af. Waarlik Allah gee oorvloedig vir wie Hy wil.”

38. Daarop het Sagaria, wat aangegryp was deur die wonder van 'n kind soos Maria en die wonderwerk van die kos, tot Sy Voorsiener en Onderhouer gebid en gesê: “O my Voorsiener en Onderhouer, U is almagtig, gee tog vir my wat oud geword het sonder om kinders te hê, ook 'n rein nageslag.”

39. So dan, terwyl Sagaria besig was om te bid in die Tempelkamer, het die Engele na hom geroep en gesê: “Allah gee jou die goeie nuus van Johannes wat sal kom om die woord van Allah, dit is Jesus, te bevestig en wat 'n hoof sal wees, wat homself van selfs alles wat wettig is sal weerhou soos om te trou, 'n profeet sal wees en een van die regverdiges.”

40. Toe sê Sagaria: “Ag my Voorsiener en Onderhouer, hoe dan tog kan ek 'n seun hê op my ouderdom en met 'n vrou wat onvrugbaar is?” Sagaria het nie hier getwyfel in die absolute mag van Allah nie, want hy het dit al te veel kere beleef, maar gewonder hoe Allah soiets sou doen: sou Allah hulle jonger maak of sou hulle dieselfde ouderdom bly? Toe kom die antwoord “Allah doen soos Hy wil: net die Wil van Allah is klaar genoeg om iets te laat gebeur.”

41. Toe vra Sagaria: ”O my Voorsiener en Onderhouer, gee vir my 'n bewys dat dit so sal wees sodat ons bly en dankbaar kan wees” En Allah sê: “Die teken is dat jy vir drie dae nie in staat sal wees om met mense te praat nie behalwe deur gebare. Verheerlik nou jou Voorsiener en Onderhouer en verkondig sy eer van die more tot die aand.”

42. En toe die engele het verder gesê: “O Maria, Allah het jou gekies en gereinig en uitverkies bo al die vroue van jou tyd in die hele wêreld.

43. O Maria, wees toegewyd in die aanbidding van jou Voorsiener en Onderhouer, kniel neer en buig saam met die wat korrek neerbuig.

Vers 44 bevestig die profeetskap van Mohammed

44. Hierdie is 'n deel van die algemeen onbekende gebeure wat Ons aan jou openbaar Mohammed. En jy was nie met hulle toe hulle lootjies getrek het deur hul penne van riet op die water te gooi en die een wie se pen stroomop dryf dan Maria se voog sou wees nie, of toe hulle rusie daaroor gemaak het voordat hulle op die rietpentoets besluit het nie.

45. Toe die engele gesê het: “O Maria, Allah gee aan jou die goeie nuus van 'n woord van Hom af wie se naam is Messias Jesus, die seun van Maria, 'n man van status in hierdie wêreld en in die Hiernamaals en een van die naastes.

46. En hy sal met die mense praat terwyl hy nog in sy wiegie is en ook in sy middeljare: wat verwys na sy verwagte wederkoms omdat hy in sy vroeë dertigs opgevaar het, en hy sal een van die regverdiges wees.

47. het Maria geantwoord: “O my Voorsiener en Onderhouer, “Hoe sal ek tog 'n seun hê as ek nog 'n maagd is en geen man nog aan my geraak het nie?” Sy het gewonder of dit 'n wonderwerk gaan wees en of sy gevra gaan word om met 'n man te trou. Toe sê Allah: “Dit is hoe Allah skep wat Hy wil: net die Wil van Allah is klaar genoeg om iets te laat bestaan. wanneer Hy besluit op 'n saak, dan sê Hy net eenvoudig: “Laat dit so wees”, en dit gebeur.”

48. En Allah sal Jesus die Boek en die Wysheid leer, en die Wet en die Evangelie,

49. en Allah sal hom as boodskapper na die kinders van Israel stuur om aan hulle te sê: “Ek kom na julle toe met 'n teken van julle Voorsiener en Onderhouer af sodat julle kan glo dat ek 'n profeet van Allah af is, en dit is dat ek uit klei vir julle iets maak in die vorm van 'n voëltjie, dat ek daarin blaas, en dat dit dan 'n lewendige voëltjie word met die wil van Allah; en ek genees die wat blind gebore is asook die melaatses en ek maak die dode weer lewendig met die wil van Allah; en ek vertel vir julle wat julle eet en in julle huise bere. In dit alles is daar sekerlik vir julle 'n teken en bewys, as julle gewillig is om te glo.”

50. “En ek, Jesus, het na julle gekom om die Wet wat voor my tyd

gegee was te bevestig, en om van die dinge wat vir julle onwettig was om te gebruik, nou vir julle wettig te maak. En ek het na julle toe gekom met 'n teken van julle Voorsiener en Onderhouer. So, vrees Allah en gehoorsaam my.

51. Allah is sekerlik julle Voorsiener en Onderhouer en my Voorsiener en Onderhouer. So, aanbid Hom. As julle so glo en so doen is julle op die regte pad wat help om julle geloof en dade te vervolmaak: dan lewe julle binne die Wet- en volgens die Wil van Allah en dit is die weg van verlossing en die bron van 'n verhouding met Allah.

Die eerste volgelinge van Jesus

52. Jesus het eers sy goddelike opdrag uitgevoer, maar op 'n stadium het hy bewus geword van die vyandigheid van sy toehoorders as gevolg van hul ongeloof, en het hy besef hy sal vir homself helpers moet kry. Hy sê toe: "Wie is my helpers op die weg van Allah?" Die dissipels wat die opregte metgeselle van Jesus geword het, antwoord toe: "Ons is helpers van Allah. Ons glo in Allah en ons getuig dat ons Moslems is."

Eers het die dissipels hul geloof bely en toe dit voor Allah herhaal

53. "Onse Voorsiener en Onderhouer, ons het geglo in dit wat U openbaar het, en ons het die boodskapper gevolg. So, skryf ons name neer saam met die wat getuig."

Die wonderbaarlike hemelvaart van Jesus

54. En hierna het die Jode begin met hul sameswerings en geheime komplotte om die regeerder te oortuig dat Jesus 'n dwaalleraar is teneinde Jesus te arresteer en te kruisig maar Allah was reeds besig om Sy eie subtiele plan tot uitvoer te bring om Jesus te red van die Jode. En Allah se planne is altyd die beste.

55. Allah het gesê : "Jesus, jy sal nie hier aan die hand van die Jode 'n onnatuurlike dood sterf nie want ek gaan jou vir eers in geheel netso opneem na Myself toe, en Ek gaan deur middel van die Koran die vals beskuldigings van die ongelowiges teen jou opklaar: die beskuldigings van die Jode wat jou eggenootlose moeder beskinder en jou beskuldig dat jy daarop aanspraak maak dat jy God is, en ek gaan die wat jou volg, die Christene en die Moslems, help om die ongelowige Jode wat jou misken en teenstaan as profeet, te oorheers, tot die Oordeelsdag. Dan sal julle na My terugkeer en ek sal oordeel tussen julle in dit waaroor julle van mekaar verskil het."(K4:157,158)

56. Nou, wat betref die wat nie glo nie, Ek gaan hulle straf met 'n geweldige straf, in hierdie wêreld en die Hiernamaals: en niemand sal hulle dan kan help nie.

57. En wat betref diegene wat glo en goeie dade doen, Allah hou baie van sulke mense en sal vir hulle hul belonings ten volle gee. Allah hou nie van oortreders nie.

58. Dit wat Ons nou aan jou voordra is van die Verse en die Boodskap wat vol wysheid is.

Vers 59 tot 63 is openbaar teen die agtergrond van die verdrag met die Christene van Najran wat onder andere die Profeet wou oortuig van die goddelikheid van Jesus

59. Dis 'n feit dat Allah die geval van Jesus beskou soos die geval van Adam. Allah het hom uit stof geskep en aan hom gesê : "Wees" en hy was.

60. Die waarheid is van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer. So, moenie een van die wees wat twyfel nie.

61. Indien iemand dan met jou hieroor debatteer en beide kante nie daarin slaag om die geskil te besleg nie, selfs na die kennis wat aan jou geopenbaar was, nooi hulle dan vir die "Mubahalah" en sê: "Kom ons roep ons seuns, kleinseuns en ons vroue, en dan kom ons almal bymekaar en bid en vra Allah om Sy genade te onttrek van- en wraak te neem op die groep van ons wat lieg."

62. Hierdie is die ware verhaal. Daar bestaan nie 'n ander god as Allah nie. En Allah is waarlik die Almagtige, die Alwyse.

63. Maar as hulle dit verwerp, Allah is goed bekend met die wat moedswillig is.

n Belangrike beginsel vir Prediking (Tabligh) en Sendingwerk (Da'wah):

64. Sê dan vir hulle: "Mense van die Boek, kom ons kom ooreen dat ons niemand behalwe Allah sal aanbid nie, dat ons niemand met Hom sal assosieer nie en dat sommige van ons nie 'n ander as Skepper, Voorsiener en Onderhouer in plaas van Allah sal neem nie" Sou hulle dit verwerp, sê dan net: "Neem kennis dat ons Moslems is" en beëindig die gesprek sonder enige verdere bespreking of argument..

65. Mense van die Boek, julle argumenteer oor of Abraham 'n Jood of 'n Christen was: die Jode sê Abraham het die Joodse lewenswyse nagevolg en die Christene sê Abraham het die Christelike lewenswyse nagevolg terwyl die Wet en die Evangelie tog eers lank na hom openbaar was? Kan julle dit nie insien nie?

66. Kyk, dit is wat julle is: julle argumenteer gewoonlik oor dit waaroor julle kennis dra; hoekom argumenteer julle in die geval oor dinge waarvan julle geen kennis het nie? Die waarheid is dat net Allah weet hoe Abraham geglo het.

67. Abraham was nie 'n Jood of 'n Christen nie. Maar hy was 'n opregte onderdanige gelowige in die Enige God: hy was 'n Moslem en nie een van die wat vennote met Allah assosieer nie.

68. Die mense wat die naaste aan Abraham was gedurende sy tyd was die wat hom nagevolg het, en die naaste aan hom vandag is hierdie profeet Mohammed en sy navolgers wat ook in die vorige profete glo. Allah is die bewaarder en die beloner van die gelowiges.

69. Daar is 'n groep van die mense van die Boek wat daarop uit is om Moslems te mislei weg van die ware geloof af, terwyl hulle eintlik net hulleself mislei maar dit nie besef nie.

Verse 70 tot 72 verwys na die vertrouensbreuk wat die mense van die Boek pleeg deur skelmstreke en verdraaiing van die waarheid

70. O mense van die Boek, waarom glo julle nie in die bewyse wat Allah vir julle gegee het nie, soos die skrifgedeeltes in die Wet en die Evangelie wat heenwys na die profeetskap van Mohammed, terwyl julle self getuig dat dit waar is?

71. Mense van die Boek, waarom verwar julle waarheid met valsheid deur die subtiele invoeging van vals eksegese van wat julle geskrifte eintlik sê oor die profeetskap van Mohammed: die eintlike vraag hier is hoekom en met watter motiewe julle die waarheid wegsteek terwyl julle goed weet dat dit so is?

72. Ten einde liggelowige Moslems te probeer mislei het 'n groep van die geleerdes van die mense van die Boek 'n strategie van bedrog en verleiding probeer toepas deur voor te gee dat hulle Islam aanvaar en gesê : "Ons gaan vroeg in die dag maak of ons Islam aanvaar maar later in die dag gaan ons dit verwerp, sodat ons reaksie hulle sal laat twyfel in die korrektheid van die Koran en Islam met die gevolg dat hulle Islam sal laat vaar." En die groep wat voorgegee het om oopkop te wees het dit op so 'n manier gedoen dat slegs hul eie mense van hul ware intensies geweet het.

73. Wees dus versigtig en moenie sommer enigiemand glo nie: glo net diegene wat julle geloof navolg. Mohammed sê vir hulle: "Ware leiding is leiding vanaf Allah." Al hulle pogings is gemotiveer deur jaloesie op die feit dat iemand anders ook openbaring ontvang soortgelyk aan dit wat hulle ontvang het en dat iemand hulle met hulle uit hul eie geskrifte argumenteer en hulle teregwys en dit nogal ten aanskoue van hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Sê: "Alles word ontvang uit die hand van Allah, so ook leiding, en Hy gee aan wie Hy wil. Niemand kan iemand anders wegrokkel van sulke leiding af met enige truuk nie. Allah is Alomvattend en Alwetend."

74. So kies Allah vir Sy genade wie Hy wil. Allah is die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van groot guns en genade.

Vers 75 wys dat Islam nie vooroordeel en kortsigtigheid toelaat nie maar eerder openhartige waardering van uitnemende gedrag aanmoedig, selfs van teenstaanders

75. Onder die mense van die Boek is daar diegene wat, alhoewel hulle ongeloof as nie-Moslems onaanvaarbaar is, steeds prysenswaardig is vir hulle betroubaarheid. Al sou jy 'n hoop goud of silwer aan sulke mense toevertrou, sal jy elke deeltjie daarvan net so terug ontvang. Maar dan is daar ander aan wie jy nie eens 'n enkele geldstuk kan toevertrou nie, want jy sal dit net nooit weer sien nie, tensy jy hom of haar laat vervolg. En dit is omdat hulle gesê het: "Ons is nie

verantwoordelik daarvoor om die ongelowiges en die heidene en die wat nie soos ons glo nie, goed te behandel nie" Hierdie blatante skynheilige gedrag kry mens soms by mense wat, alhoewel hulle en diegene wat in dieselfde kringe as hulle beweeg onder mekaar eerbaar en regverdig is, hulle diegene buite hul sirkel minagtend behandel deur hulle te belieg en te bedrieg en dan nogal teen hul beterwete in voorgee dat Allah sulke gedrag goedkeur.

76. Hoekom is sulke gedrag onaanvaarbaar? Omdat Allah mense wat so optree nie liefhet nie. Wie ook al sy ooreenkomste nakom en Allah vrees, Allah het sulke mense lief want Allah het diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Hom het, lief.

77. Waarlik, diegene wat nie hul woord hou nie en hul ooreenkomste met mense nie nakom nie, dis net so goed of hulle die ooreenkomste nie met Allah nagekom het nie, en dit net om geringe redes: sulke mense sal nie deel in die Hiernamaals nie. Op daardie Dag van Verdoemenis sal Allah nie met hulle praat om aan hulle blye nuus oor te dra nie, Hy sal nie genadig na hulle kyk nie en Hy sal hulle nie vergewe en hulle nie reinig van hulle sonde nie omdat hulle vertrouensbreuk gepleeg het teenoor 'n dienskneg van Allah. Allah vergewe nie wat een mens aan 'n ander skuld nie, mense moet mekaar self vergewe. Al wat vir sulke mense oorbly is 'n pynlike straf.

Tydens die besoek van die afgevaardigdes van Najran het sommige Jode en Christene die Profeet gevra of hulle hom moet aanbid soos die Christene vir Jesus aanbid

78. En onder die mense van die Boek is daar diegene wat voorgee om aan te haal uit die Boek sodat jy oortuig is dit staan wel so daar geskrywe, terwyl dit eintlik glad nie uit die Boek is wat hulle aanhaal nie. En dan sê hulle: "Dit is van Allah af", terwyl dit nie van Allah af is nie. Hulle vertel doelbewus leuens omtrent Allah.

79. Dit is net nie moontlik dat Allah vir iemand die Boek, die wysheid en die profeetskap sal gee, en dan begin daardie mens om vir ander te sê: "Wees my aanbidders soos julle Allah aanbid",nie. So 'n persoon sal eerder sê: "Wees mense van die Skepper, Voorsiener en Onderhouer soos julle aan ander die Boek leer en daaruit geleer het."

80. En dis ook nie moontlik vir so 'n persoon om julle te beveel om die engele en profete as Skepper, Voorsiener en Onderhouer te beskou nie. Sal so iemand julle beveel om ongelowig te wees nadat julle Moslems geword het?

Die volgende plegtige belofte kon in die geesteswêreld op metafisiese vlak of in die fisiese wêreld by wyse van openbaring gewees het

81. Toe Allah die profete plegtig laat belowe het om mekaar te ondersteun, en indien die profeet Mohammed in hulle tyd sou kom, ook in hom te glo, hom te volg en mekaar so te beveel, het Hy gesê: "As Ek julle a boek en wysheid gee, en daar kom 'n boodskapper na julle toe wat bevestig wat julle het, dan sal julle in hom moet glo en julle sal hom moet ondersteun." Allah het gesê : "Belowe julle en aanvaar julle my ooreenkoms met julle in hierdie verband?" Daarop het hulle geantwoord: "Ons belowe." Toe sê Allah: "Getuig dan. En Ek is by julle."

82. Die wat hierna besluit om van besluit te verander is sondig.

83. Soek hulle dan 'n ander godsdiens as die een van Allah terwyl aan Hom alleen onderdanig is alles in die hemele en op die aarde, gewillig en onwillig, en na hom sal hulle teruggeneem word?

84. Sê: "Ons glo in Allah en in wat aan ons openbaar was, asook in dit wat openbaar was aan Abraham, Ismael, Isak, Jakob en die nageslagte, en in wat aan Moses, Jesus en die profete gegee was vanaf hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer: Ons onderskei nie tussen enige van hulle nie. En aan Allah onderwerp ons, onsself."

85. Die woord Islam bedoel onderwerping aan daardie spesifieke godsdiens met fundamentele beginsels wat Allah self deur 'n profeet gegee het om mense te lei, of dit nou vorige eietydse profete was of die finale profeet, Mohammed: wie ook al dus 'n ander godsdiens soek as Islam moet weet dat dit nooit van hom aanvaar sal word nie: so 'n persoon sal in die Hiernamaals een van die verloorders wees.

86. Hoe sal Allah leiding gee aan 'n volk wat weer ongelowig geword het nadat hulle Islam aanvaar het, getuig het dat die Profeet Mohammed eg is en duidelike bewyse gesien het? Allah gee nie leiding aan onregverdige mense nie.

87. Die straf vir sulke mense is dat die vloek van Allah, die engele en die mensdom op hulle rus.

88. En hulle bly vir ewig onder daardie vloek. Hulle straf sal ook nie ligter gemaak of kwytgeskeld word nie,

89. behalwe vir die wat berou kry en hulle verkeerde optrede regstel: Allah is Alomvergewend en die Genadigste.

90. Diegene wat ongelowig raak nadat hulle Islam aanvaar het en toeneem in ongeloof, hulle berou sal nooit aanvaar word nie. Hulle is diegene wat die regte weg byster geraak het en nie meer weet hoe om volgens die Wil van Allah te lewe nie.

91. Diegene wat ongelowig is en in 'n toestand van ongeloof sterf, selfs al die goud van die aarde sal nooit van van enige van hulle aanvaar word nie, selfs al sou dit as losprys aangebied word. Hulle is diegene vir wie daar 'n pynlike straf wag, en vir wie daar geen helpers is nie.

92. Julle kan nooit ten volle geregverdig wees nie tensy julle bereid is om van dit wat vir julle kosbaar is op te offer en met ander te deel nie, maak nie saak hoe klein of hoe groot, en of julle dit gee as Armebelasting of vrywillig gee, nie. Allah is deeglik bewus van wat iemand opoffer.(K2:267)

Vers 93 was geopenbaar toe Profeet Mohammed by geleentheid aandui dat hy die fundamentele godsdienstige reëls van Abraham navolg, en die Jode hom verwerp omdat hy Kameelvleis eet en Kameelmelk drink, iets wat Abraham volgens hulle nie sou gedoen het nie.

93. Alle soorte kos was eers wettig vir die kinders van Israel om van te eet. Toe neem Jakob 'n eed dat indien Allah hom genees van heupjig hy die kossoort waarvan hy die meeste gehou het sal opgee. Vandaar dat Jakob toe na sy genesing opgehou het om Kameelvleis te eet. En in daardie dae was 'n eed die oorsaak dat iets wat eens toegelaat was, nou geheel ontoelaatbaar geword het, ook vir Jakob se nageslag. En dit was lank voor die openbaring van die Wet. Maar die beste manier om uit vind wat die waarheid is, sê vir hulle: "Bring die Wet en lees wat sê dit hieroor sodat ons kan sien wie praat die waarheid."(K66:1)

94. Wie dan na dit steeds 'n leuen versin en dit aan Allah toedig, is die oortreders.

95. Sê: "Allah het die waarheid gepraat. Volg dus nou die Godsdiens van Abraham, die beste voorbeeld van iemand wat reg gelewe het, opreg en volgens die wil van Allah: Abraham was nie van die assosieerders nie."

Die Kaaba in Bakka

(n alternatiewe woord vir Mekka)

96. Die eerste en beste Huis vir aanbidding van Allah in vergelyking met alle ander huise en Moskee, wat daargestel is vir alle mense van alle tye, is die Kaaba in Bakka, met uiterlike en innerlike seëninge en leiding vir al die wêrelde. Die uiterlike seëninge behels byvoorbeeld die oorvloed wat daar te eet is en die innerlike behels die Belonings wat mens in die Paradys of Hemel kry vir die Aanbidding wat jy daar doen. (K2:127 & K22:26)

97. Daarin is daar duidelike bewyse: vat nou maar die rusplek van Abraham! Wie ook al daar ingaan is veilig omdat niemand 'n ander daar leed mag aandoen nie. En as 'n reg van Allah is dit verpligtend op diegene wat in staat is om dit te kan doen, om Hajj van die Huis van Allah te doen. "Hajj" beteken: "om van voornemens te wees": En as iemand nie glo nie, met ander woorde: nie glo dat Hajj verpligtend is nie, of in staat is daartoe maar dit nie doen nie, is hy of sy nes die ongelowiges en kan nie eintlik as 'n Moslem beskou word nie: Allah is nie afhanklik Sy skepsels nie. (K2:25)

Die volgende verse was openbaar nadat 'n kwaadstoker probeer het om tweedrag te saai tussen twee stamme wat in die pre-Islam dae vyande was maar nou as Moslems vriende geword het. Verse 98 tot 101 toon hoe vyandiggesind die mense van die Boek teenoor die Moslems was

98. Vra vir die Jode en die Christene: “Mense van die Boek, waarom glo julle nie die bewyse van Allah nie terwyl Allah sien wat julle doen?”

99. En vra vir hulle: “Mense van die Boek, hoekom staan julle in die weg van diegene wat wel glo deur allerhande fout daarmee te soek terwyl julle goed weet wat die waarheid is. Allah is nie onbekend met dit wat julle doen nie.”

100. Julle wat gelowige Moslems is, as julle gehoorsaam is aan 'n groep van diegene aan wie die Boek gegee was, sal hulle van julle ongelowiges maak nadat julle gelowiges was.

101. Hoe kan julle nie meer glo nie, terwyl dit aan julle is wat die geopenbaarde verse vanaf Allah voorgedra was, en terwyl dit julle is wat Sy Boodskapper in julle midde het? Wie ook al vashou aan Allah deur vas gelowig te bly, geheel toegewyd aan sy geloof, sonder om mislei te word, so iemand sal waarlik op die regte weg gelei word om volgens die Wil van Allah te lewe.

Vers 102, 103 & 104 gee die twee beginsels waarin die kollektiewe krag van Moslems geleë is: geloof en eenheid en omsien na mekaar se geestelike welsyn. Geloof/Taqwa bedoel vermyding en onthouding

102. O julle wat glo, organiseer en bestuur julle lewens in algehele verantwoordelikheid teenoor Allah, deur alles wat verbode en ongewens is met 'n heilige ontsag vir Allah te vermy want dit kom Allah toe, en maak seker dat julle as Moslems sterf. (K64:16)

103. Die Koran wat Allah gegee het is soos 'n tou waaraan alle gelowiges kan vashou sodat hulle nie verdeeld raak nie. Onthou hoe Allah julle gesê en het: deurdat toe julle eens vyande was van mekaar, Hy julle harte saamgebring het en julle deur Sy genade broeders geword het. Julle was op die rand van 'n put van Vuur toe Allah julle van dit gered het. Dit is hoe Allah Sy bewyse aan julle duidelik maak, sodat julle die regte weg kan volg. (K6:153, 159)

104. Moslems moet omsien na mekaar se geestelike welstand. Bykomend tot individuele verantwoordelikheid daartoe moet daar 'n spesifieke groep wees wat die intellektuele vermoëns het om ander Moslems te kan oproep tot en herinner aan dit wat goed en reg is, aanmoedig om net dit wat reg is te doen en dit wat verkeerd is verbied. Soos die Metgeselle is diegene wat hierdie verantwoordelikheid nakom die suksesvolles in die lewe.(K103:2,3 & K3:110 & K22:41)

Vers 105 hou verband met vers 103

105. Moenie soos die Jode en Christene wees nie: nadat hulle die duidelike bewyse gesien het, het hulle verdeeld geraak oor of- en hoe hulle die kennis sou toepas, en toegelaat dat hulle vasgevang raak in dispute wat lei tot veroordeling, vernederende aanmerkings, beledigings, verkleinerende aanmerkings en aanstootlike gedrag eerder as om net eenvoudig gehoorsaam en gelowig te wees en ander se opinies te respekteer. Vir hulle is daar 'n swaar straf.

106. Op 'n dag sal die gesigte van die sekere mense ophelder van geluksaligheid en met die Lig van Allah en die gesigte van ander verdonker met die kleur van sonde, rebellie, ellende en verwydering van die genade van Allah. Die gesigte van opregte Moslems sal ophelder met die lig van hul geloof en met die lig van hul vreugde as beloonde gelowiges. Die gesigte van Moslems wat hul godsdiens aangepas het met allerhande innoverings, of afvallig en ongelowig geword het of wat versteekte skynheiligheid in hul harte gehad het, sal verdonker weens die swaarmoedige angs van hulle ongeloof en die nagevolge van hulle sondes en oortredinge. Dan sal aan diegene wie se gesigte verdonker, gevra word: Was jy weer ongelowig en het jy steeds getwyfel nadat jy Islam aanvaar het? Ervaar dan nou die nagevolge en straf van jou eie ongeloof: die ontberings van die hel, wat jy oor jouself gebring het deur nie heelhartig te glo nie. (K39:60 & K80:38 & K75:22)

107. Diegene egter wie se gesigte ophelder, rus in die genade van Allah, 'n onbeperkte, eindelose genade waarvoor die mens eintlik geskape was: die mens was nie geskape om te dien as tentoonstelling van Allah se Straf nie maar as tentoonstelling van Allah se genade en om te floreer onder die son van daardie genade. En die mens sal , onafhanklik van sy eie vroomheid, vir ewig geheel en al afhanklik wees van die genade van Allah vir alles en ook vir toelating tot die Hiernamaals

108. Hierdie is die verse van Allah wat Ons geloofwaardig aan julle voordra, julle kan dit maar glo. Allah het het geen begeerte om onregverdig te wees teenoor Sy skepping nie: so watter beloning of straf daar ook al is, dit is net maar die regverdige nagevolge van iets wat die mens oor homself bring, en die perfekte uitdrukking van 'n heilige wysheid en genade.

109. Aan Allah behoort alles wat in die hemele en op die aarde is. En na Allah keer alles terug.

110. Julle, die Gemeente van die Profeet Mohammed, is die beste van Gemeentes, waardig, verhewe en gehoorsaam aan julle roeping, daargestel uitsluitlik tot voordeel van die hele mensdom, gematig en betrokke by elke faset van die lewe. Julle moedig mense op alle moontlike maniere aan om volgens die Wil van Allah reg te lewe, julle verbied die sonde en julle glo in Allah. Die feit dat julle in Allah glo maak julle uniek, want terwyl baie mense glo, glo net julle in Allah. As die mense van die Boek maar net geglo het dat Mohammed wel 'n profeet van Allah is, sou dit vir hulle beter gewees het. Tussen hulle is daar wel die wat glo en daardeur eintlik Moslems is, maar die meeste van hulle is egter sondaars.(K2:143, K3:113))

Vers 111 is in reaksie op verse 98 tot 101 en 'n aanduiding dat die mense van die Boek, Moslems materieel wil benadeel. Die laaste sin dra 'n professie dat hulle nie sal slaag nie, wat waar geword het tydens die hele tydperk van profeetskap

111. Metgeselle van Mohammed, die mense van die Boek sal julle nooit enige skade kan berokken nie behalwe miskien dat hulle julle 'n bietjie seer kan maak. En as hulle met julle baklei, sal hulle hul rug op julle draai, en dan sal hulle nie gehelp word nie.

112. Die mense van die Boek, die Jode, sal bestempel bly met skande en ellende waar hulle ook al gevind word, behalwe in gevalle waar die Verbond van Allah die lewens beskerm van minderjariges en vroue of waar 'n verdrag van watter aard ook al hulle lewens beskerm. En hulle het teruggekeer met Allah wat vir hulle baie kwaad was, en met ellendigheid bestempel. En dit omdat hulle die bewyse van Allah misken het en die profete onregmatig vermoor het. Dit alles omdat hulle ongehoorsaam was en die grense oorskry het.(K2:61)

113. Maar nie almal van hulle is dieselfde nie: Tussen die Jode is daar diegene wat standvastig is: nadat hulle Moslems geword het en die uitstaande kenmerke van Islam aanvaar het leef hulle dit standvastig uit. Hulle resiteer die verse van Allah gedurende die nagtelike ure en hulle kniel neer voor Allah in aanbidding,(K3:110)

114. hulle glo in Allah en die Hiernamaals, en hulle moedig ander aan tot wat reg is en verbied dit wat verkeerd is, en hulle kan nie wag om goeie dade te doen nie. Hulle is van die regverdiges.

115. Die goeie wat hulle doen sal nooit van hulle weggeneem word nie: dit word vir hulle vir beloning gereken in die Hiernamaals. Allah is Alombewus van diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Hom het.

116. Maar dit is so dat diegene wat nie glo nie en nie Islam aanvaar nie, nie hulle welvaart of hulle kinders sal hulle teen Allah kan help nie: hulle is bestem vir die straf van Allah in die Vuur. Hulle sal vir ewig in die Vuur van die Hel wees.

117. Dit wat iemand wat nie 'n Moslem is nie in hierdie aardse bestaan spandeer word nie vir hom of haar vir beloning in die Hiernamaals gereken nie en gaan eenvoudig net verlore. Geloof in Islam is 'n voorvereiste vir spandering, van watter aard ook al, om vir Allah aanvaarbaar te wees. Dit is net soos die wind wat met sy innerlike koue die gesaaides van diegene wat hulleself benadeel het, vernietig. Dit was nie Allah wat hulle verontreg deur hulle nie in die Hiernamaals te beloon vir die goeie dade wat hulle doen in hierdie lewe nie, inteendeel hulle verontreg net hulleself deur nie Moslems te word nie.

Die volgende verse was openbaar nadat die Aws en Khazraj stamme Moslems geword het, en hulle liefdevol en vriendelik teenoor hulle Joodse setlaarvriende rondom Medina gebly het, terwyl die Joodse vriende weens hul verwerping van die Moslems

tweedrag probeer saai het tussen Moslems om hul eenheid te laat disintegreer en die geveinsde vriendskap gebruik het om op hulle te spioeneer vir hul vyande

118. Moslems, julle wat glo, wees versigtig om nie sommer enigiemand as vertroueling in julle binnekring toe te laat wat nie uit eie geledere kom nie. Buitestaanders wat nie aan julle bekend is nie sal geen oomblik wag om julle te benadeel deur julle diepste geheime tot julle nadeel te verklap nie. Hulle wil hê dat julle in die moeilikheid moet kom. Kwaadwilligheid het by hulle monde uitgekom terwyl wat in hulle harte versteek is, veel erger is. Ons het die bewyse duidelik gemaak vir julle sodat julle kan verstaan.

119. Kyk, julle is lief vir hierdie mense wat julle steeds as vriende beskou terwyl hulle julle nie meer as vriende beskou nie en nie vir julle lief is nie. Inteendeel hulle is julle ergste vyande. En wat meer is: julle glo in alle geskrifte as bedoel vir die mense van die tyd waarvoor dit gegee was en die profete waardeur dit gegee was, soos die Boek, maar hierdie vriende van julle verseg om julle Boek en julle Profeet te aanvaar. Hulle doen nie eens wat hul eie Boek aan hulle voorskryf nie want kyk hoe liefdeloos behandel hulle julle: wanneer julle bymekaar is verklaar hulle: “Ons glo”, maar wanneer hulle alleen is byt hulle hul vingerpunte af van aggressie teenoor julle. Sê vir hulle: “Sterf in julle aggressie” Waarlik Allah is Alombekend met wat in die harte van mense is.

As Moslems Geduldige Verdraagsaamheid en 'n Heilige Ontsag vir Allah het, kan niks hulle enige skade aandoen nie, nie moeilikhede nie en ook nie ontberings nie.

120. wanneer iets goeds met julle gebeur irriteer dit hulle eindeloos en wanneer iets slegs julle oorkom dan is hulle verheug. Indien julle egter geduldig bly met 'n heilige ontsag vir Allah, sal hulle bose planne julle geen skade aandoen nie. Allah is Alomvattend van wat hulle doen.(K3:125, K12:90, K3:200)

Verse 121 en 122 wat gebeur het tydens die geveg by Uhud en hul oorwinning by Badr

121. Onthou julle die oggend wat julle uit die huis uit gegaan het teneinde die gelowiges in posisie te plaas om te veg: daar was genoeg manne en almal strategies net reg geplaas, selfs met vyftig boogskutters op die heuweltjie by Uhud, almal slaggereed. Allah is die Alhorende en die Alwetende.

122. Onthou julle ook toe twee van julle groepe, die Aws en die Khazraj, op die punt gestaan het om deur vrees oorweldig te word toe hulle Abdullah en sy manne sien wegbreek, maar dat hulle tog geloof behou het in Allah hulle beskermer. Terwyl Moslems dus hulleself behoorlik moet voorberei vir watter uitdaging hulle ook al in die gesig staar, moet moet hulle vir die eindresultaat nie staatmaak op hul persepsies van hul superioriteit nie, maar hulle moet hul vertroue uitsluitlik in Allah alleen plaas.

123. So het Allah julle dan waarlik by Badr ondersteun toe julle swak was met min manne en min voorrade, met slegs twee perde en sewentig kamele. Julle moet dus 'n heilige ontsag het vir Allah en baie dankbaar wees teenoor Hom.

124. Onthou toe jy vir die gelowiges gesê het: “Is dit nie genoeg dat julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer julle sal ondersteun deur drieduisend engele af te stuur nie?”

125. Hoekom nie? As julle geduldig bly en 'n heilige ontsag vir Allah het wanneer hulle op julle afstorm in die hitte van die stryd, sal julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer julle versterk met vyfduisend engele met duidelike merke op hulle.

126. Allah het nie noodwendig die engele gestuur om julle oorwinning te verseker, of om julle verantwoordelikheid vir Stryd oor- of weg te neem nie, maar sodat die goeie nuus van hulp in die moontlikheid van 'n oorwinning, julle harte kan verbly en julle besorgdheid oor die geveg op hande tot ruste kan bring. Hulp kom maar net van Allah af, die Almagtige, die Alwyse.(K8:12)

127. Indien Allah wou kan Hy 'n hele flank van die ongelowige opposisie afsny of in skande dompel sodat hulle gefrustreerd teruggaan.

128. Julle het ook geen gesag in die hele aangeleentheid nie. Dit is nie vir julle om te besluit of Allah hulle moet vergewe of straf omdat hulle onregverdig was nie. Allah is die een wat besluit om hulle te vergewe of te straf.

129. Aan Allah behoort alles wat in die hemele is en op die aarde. Hy vergewe wie Hy wil en straf wie Hy wil. Allah is Meesvergewend, die Genadigste.

130. Gelowiges moet nie enige deel hê aan rente in watter vorm ook al, nie. Die stelsels van belegging en herbelegging teen goeie rentekoerse en rente op rente wat mens se geld sommer lekker vermeerder is baie aanloklik, maar niks van dit is toegelaat nie. Julle moet 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê sodat julle suksesvol mag wees.(K2:275-278)

131. Vrees die Vuur wat voorberei is vir die ongelowiges.

Vers 132 stel die mees basiese beginsels van Islam en van Geloof

132. Wees gehoorsaam aan Allah en die Boodskapper Mohammed, nie net deur lippediens nie maar deur wat julle is en wat julle doen, deur julle karaktertrekke en julle dade, sodat julle geseënd mag wees. (K53:3, K4:80, K16:44, K59:7)

133. En kyk wie van julle die vinnigste Vergifnis van Allah kan verkry en die vinnigste by die Paradys kan uitkom: kompeteer met mekaar in die doen van goeie dade, die nakoming van julle verpligtinge teenoor Allah en die vervolmaking van julle gehoorsaamheid sodat Allah in Sy blydskap en tevredenheid met julle aan julle Vergifnis kan skenk, Vergifnis en Genade wat die prys is vir toelating tot die Paradys, 'n Paradys waarvan die prys net so onbepaalbaar hoog is as die waarde van die hele hemelruim en die aarde en wat voorberei is vir die Godvresendes: diegene wat 'n heilige ontsag en respek het vir Allah... (K2:148 , K5:48, (K4:32 Die onwillekeurige), K3:107)

Verse 134 tot 138 bespreek die karaktertrekke en optrede van Moslems met 'n heilige ontsag en respek vir Allah

134. ... hulle wat, omdat hulle ware Moslems is, altyd op die uitkyk is hoe hulle ander finansieel, materieel of met hulp kan ondersteun en so gewoond is daaraan om dit te doen bloot vir die plesier van Allah dat hulle onder alle omstandighede, wanneer dit goed gaan of wanneer dit sleg gaan, steeds daarmee voortgaan en hulle wat hul woede beheer, wat ander mense vergewe en dan steeds goed aan daardie mense doen. Allah is lief vir diegene wat goed doen aan ander. (K41:34)

135. En Allah is lief vir diegene wat, wanneer dit gebeur dat hulle Allah vergeet en in 'n oomblik van menslike swakheid 'n skandelike daad pleeg of hulleself benadeel deur sonde te doen, met berou en opregtheid na Hom terugkeer en hulle sonde bely, om vergifnis vra vir hulle sonde en nie bewustelik aanhou om dieselfde sonde te doen nie: wie anders is daar behalwe Allah, om sonde in 'n oogwink te vergewe vanuit Sy ewige fontein van Genade en Groothartigheid?

136. Hulle beloning is vergifnis deur hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer en tuine waaronderdeur riviere vloei en waar hulle vir ewig sal woon. Uitnemend is die beloning van diegene wat hieraan werk en daarna strewe.

137. 'n Aantal voorbeelde van mense wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah gehad het en so geleef het dien as modelle vir ander. So, gaan deur die hele land en kyk wat het gebeur met diegene wat die profete nie geglo het nie, liegstories versprei het en sleg gepraat het van die profete.(K1:6, K9:119)

138. Hierdie is 'n verklaring, 'n kennisgewing aan die hele mensdom, om as leiding te dien en 'n les vir te wees vir die Godvresendes: diegene wat 'n heilige ontsag en respek het vir Allah.

Verse 139 tot 143 vertroos die Moslems na die neerlaag in die geveg by Uhud en verduidelik dat die ongelowiges die uiteindelike verloorders is volgens die manier waarop Allah dinge beskou

139. Moet nou nie julle tyd en energie mors deur moedeloos te wees en te rou en weg te kwyn weens die foute van die verlede nie, deurdat julle 'n strategiese fout by Uhud begaan het en so die geveg verloor het nie: fokus eerder op dit wat dinge vir die toekoms kan regmaak en dit is om vas te hou aan dit wat julle glo en aan die beloftes van Allah, altyd gehoorsaam te wees aan die Profeet Mohammed en trou te bly aan die Stryd waarin julle betrokke is: dan is julle oorwinnaars, nou en in die toekoms.

140. Vir elke wond wat julle opgedoen het, het hulle ook een opgedoen, en indien nie in hierdie geveg nie dan wel in 'n vorige geveg. En in hierdie sterflike wêreld is dit maar die manier van Ons om dae van swaarkry en goedgaan, pyn en gemak, lyding en vrede om die beurt onder alle mense te roteer sodat Allah kan weet wie dit is wat glo, sodat sommige van julle martelaars kan word. Allah hou nie van die onregverdiges nie,...

141. ...daarom is dit maar die manier hoe Allah diegene wat glo louter en reinig en die ongelowiges uitroei: Die wat waarlik glo is diegene wat nie moedeloos gemaak word deur die proses van loutering en reiniging nie, maar wat die praktiese redes bepaal vir 'n gebeurlikheid, waar nodig regstellende aksies neem en dan hulself voorberei om nie weer dieselfde foute te maak nie. Die wat glo is hulle wat uiteindelik gemotiveer word deur die waarheid, wat as oorwinnaars uittree.

142. Dink julle dat julle die Paradys sal binnegaan as Allah nog nie weet wie van julle betrokke is in die Stryd teen die sonde en die ongelowiges nie en wie van julle standvastig is nie*. (*K47:4)

143. En julle verlang na die dood nog voordat julle van aangesig tot aangesig daarmee gekom het. Nou het julle dit met julle oop oë gesien

146. Daar was 'n aantal profete saam met wie baie manne van Allah geveg het, selfs godsdienstige-geleerde leiers en wetsgeleerdes, en hulle het nie moedeloos geword oor wat hulle gely het op die weg van Allah nie, of swak geword en ingegee nie. Allah is lief vir die standvastiges.

147. En daardie manne het niks gehad om te sê nie, behalwe: 'Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, vergewe ons, ons sondes, en ons oortredinge in ons optrede wat dalk net die oorsaak kon wees vir ons lyding en nederlae, maak ons standvastig en help ons teen die ongelowige mense'

148. So het Allah hul gebed verhoor en aan hulle hul verdienste gegee in hierdie wêreld: uiteindelike oorheersing oor hulle vyande en sukses in hulle sending asook die beter belonings in die Hiernamaals: 'n volmaakte toestand van vrede en geluk wat nooit sal vervaag nie. Allah is lief vir diegene wat goed doen.

Hier volg 'n waarskuwing om te waak teen die advies van skynheilige Moslems en nie-Moslems

149. Gelowiges, as julle doen wat die ongelowiges voorstel sal hulle veroorsaak dat julle in julle spore omdraai en teruggaan waar julle vandaan kom, soos toe die skynheiliges daar by Uhud voorgestel het dat julle almal teruggaan na julle ou godsdienste toe en so die konflik tussen julle uit die weg ruim, toe julle die gerug hoor dat die Profeet dood is. Hulle doelwit is om deur die saai van fyn beplande agterdog in julle harte te veroorsaak dat julle geleidelik julle liefde en eerbied vir Islam verloor. Hierdie mense sal maak dat julle verloorders word.

150. Plaas eerder julle vertroue net in Allah en luister liewer net na Allah: Hy is julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer en die beste helper. Selfs al kom julle teenstaanders met aanbiedings vir hulp, moet Moslems nie dit navolg teen die opdrag van Allah en die Boodskapper in nie.

Terwyl die vorige verse na Allah verwys as die beste van Helpers, gee die volgende verse voorbeelde van Allah se hulp

151.Ons sal ontsag en eerbied plaas in die harte van diegene wat ongelowig is, omdat hulle iets met Allah geassosieer het waarvoor Allah nog nooit enige geopenbaarde toestemming gegee het nie en waarvoor hulle ook geen rasionele gronde het nie, soos met Uhud toe die ongelowiges wat op pad was vanaf Arabië na Mekka skielik wakker word met 'n ontsaglike eerbied en vrees wat hulle hul moed ontneem het en hulle laat teruggedraai het. Hulle uiteindelike plek is die Vuur. En die bose is die tuiste van die onregverdige.

146. Daar was 'n aantal profete saam met wie baie manne van Allah geveg het, selfs godsdienstige-geleerde leiers en wetsgeleerdes, en hulle het nie moedeloos geword oor wat hulle gely het op die weg van Allah nie, of swak geword en ingegee nie. Allah is lief vir die standvastiges.

147. En daardie manne het niks gehad om te sê nie, behalwe: 'Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, vergewe ons, ons sondes, en ons oortredinge in ons optrede wat dalk net die oorsaak kon wees vir ons lyding en nederlae, maak ons standvastig en help ons teen die ongelowige mense'

148. So het Allah hul gebed verhoor en aan hulle hul verdienste gegee in hierdie wêreld: uiteindelike oorheersing oor hulle vyande en sukses in hulle sending asook die beter belonings in die Hiernamaals: 'n volmaakte toestand van vrede en geluk wat nooit sal vervaag nie. Allah is lief vir diegene wat goed doen.

Hier volg 'n waarskuwing om te waak teen die advies van skynheilige Moslems en nie-Moslems

149. Gelowiges, as julle doen wat die ongelowiges voorstel sal hulle veroorsaak dat julle in julle spore omdraai en teruggaan waar julle vandaan kom, soos toe die skynheiliges daar by Uhud voorgestel het dat julle almal teruggaan na julle ou godsdienste toe en so die konflik tussen julle uit die weg ruim, toe julle die gerug hoor dat die Profeet dood is. Hulle doelwit is om deur die saai van fyn beplande agterdog in julle harte te veroorsaak dat julle geleidelik julle liefde en eerbied vir Islam verloor. Hierdie mense sal maak dat julle verloorders word.

150. Plaas eerder julle vertroue net in Allah en luister liewer net na Allah: Hy is julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer en die beste helper. Selfs al kom julle teenstaanders met aanbiedings vir hulp, moet Moslems nie dit navolg teen die opdrag van Allah en die Boodskapper in nie.

Terwyl die vorige verse na Allah verwys as die beste van Helpers, gee die volgende verse voorbeelde van Allah se hulp

151.Ons sal ontsag en eerbied plaas in die harte van diegene wat ongelowig is, omdat hulle iets met Allah geassosieer het waarvoor Allah nog nooit enige geopenbaarde toestemming gegee het nie en waarvoor hulle ook geen rasionele gronde het nie, soos met Uhud toe die ongelowiges wat op pad was vanaf Arabië na Mekka skielik wakker word met 'n ontsaglike eerbied en vrees wat hulle hul moed ontneem het en hulle laat teruggedraai het. Hulle uiteindelike plek is die Vuur. En die bose is die tuiste van die onregverdige.

152. By Uhud het Allah waarlik Sy belofte aan julle nagekom toe dit Sy wil was dat julle, hulle byna almal doodgemaak het totdat julle begin het om swakheid te openbaar, oor die opdrag om op die heuweltjie te bly begin stry het en ongehoorsaam geword het deurdat julle, jul poste verlaat het om skynbaar te gaan deel in die buit wat vir julle so aantreklik was, terwyl julle tog geweet het dat julle, jul deel in die buit sou kry soos die gebruik is. Tussen julle was daar diegene wat die wêreldse dinge nagejaag het en ander weer het die Hiernamaals nagejaag. Na dit het Hy julle posisie teenoor hulle omgekeer sodat julle begin het om die geveg te verloor, nie om julle te straf nie, maar sodat Hy julle kan toets. En natuurlik het Hy julle vergewe. Allah is Alomgenadig teenoor die gelowiges.(K3:155)

153. Met die gerug dat die Profeet gesneuwel het op die slagveld by Uhud,was julle so ontsteld dat julle weggeloop, en nie eens na iemand om julle gekyk het nie, soveel so dat toe die Boodskapper julle van agter af geroep het, het julle nie daarop gereageer nie. Toe die Profeet julle hieroor aangespreek het, het dit geklink asof hy straf uitdeel, en het dit julle nog meer ontstel, maar dit was eerder liefdevolle teregwysing, sodat julle nie in die toekoms so erg ontsteld sal wees oor dit wat julle verloor of ly nie. Allah is Albewus van wat julle doen.(K3:144)

154. Na die rou het Allah so 'n kalmte op julle laat neerdaal dat sommige van julle eintlik lomerig begin voel het. Ander weer was bekommerd oor hulleself terwyl hulle gedagtes oor Allah gekoester het wat onwaar was: gedagtes van onkunde. Hulle het gesê: “Is daar enigiets in ons hande?” Se vir hulle: “Die hele besluitnemingsproses en alle finale besluite: die hele ding behoort aan Allah.” Hierdie mense steek dinge in hulle harte weg wat hulle nie aan julle openbaar maak nie. Hulle sê verder: “Indien ons enige sê gehad het in die aangeleentheid sou ons nie hier doodgemaak gewees het nie.” Se vir hulle: “Selfs al was julle in julle huise sou diegene wie bestem was om te sterf, al die pad uitgekom het na hul finale rusplekke.” En die gebeure by Uhud was maar net deel van Allah sê meesterplan en het plaasgevind sodat Allah julle innerlike kwaliteite kon toets en dit wat in julle harte is kon louter. Allah is Albewus van wat in julle harte is.

155. Waarlik, diegene van julle wat omgedraai het toe die geveg aan die gang was, dit was Satan wat weereens gemaak het dat hulle fouteer soos wat hy voorheen met hulle reggekry het. Dis mos maar hoe Satan werk: die een sonde lei tot 'n ander. En natuurlik het Allah hulle vergewe. Allah is sekerlik Meesvergewend, Verdraagsaam.

Vers 156 spreek die uitspraak van die ongelowiges in vers 154 aan

156. Gelowiges, moenie soos die ongelowiges wees en van julle broeders wat die wêreld vol op reis is of in 'n geveg betrokke is, sê: "As hulle by ons was, sou hulle nie doodgemaak gewees het nie." Die gevolg is dat Allah dit 'n berou maak wat in hulle harte rus. Allah gee lewe en bring die dood. En Allah wakende oog oor wat julle doen.

157. En indien julle doodgemaak word op die weg van Allah of sterf, die vergifnis vanaf Allah en Sy genade, is ver beter as wat hulle kan bereken.

158. En indien julle sterf of doodgemaak word, dit is na Allah toe wat julle bymekaar gemaak sal word.

Vers 159 gee ook leiding aan Sendingwerkers en enigiemand wat met mense werk hetsy Geestelike Leiers of Bestuurders. Dit maan ons ook om in enigiets eers te doen wat jy kan, en in die proses met alle belanghebbendes te beraadslaag, maar dan ons vertroue geheel en al in Allah te plaas

159. So Mohammed, onthou dit is Allah wat jou die genade gee om daardie ongehoorsames van Uhud sagkens te behandel. Indien jy hardhandig en hardvogtig teenoor hulle was, sou hulle verdryf en verjaag gevoel het en sou jy hulle- en die geleentheid om hulle iets te leer, verloor het. Die groter prentjie is jou roeping om mense te lei en tot hul eie voordeel te leer wat reg is. Dit is dus beter om hulle uit die diepte van jou hart te vergewe en om namens hulle om Vergifnis te vra sodat Allah hulle nie straf nie en hul verlossing en toekoms in die Hiernamaals nie deur hierdie gebeurtenis geraak word nie. Bespreek hierdie aangeleentheid met hulle en vra in die toekoms hul advies in sake* wat hulle raak sodat hulle tevrede en emosioneel rustig kan wees, maar werk saggies en liefdevol met hulle, sodat hulle harte kan versag. Sodra julle dan tot besluite gekom het in hierdie gesamentlike besluitnemingsproses, en al julle voorbereidings gedoen het, wees dan versigtig om nie jul vertroue op jul redenasies, menings, planne en voorbereidings te plaas nie, maar plaas dan jul vertroue op Allah, want Hy is in beheer: Hy is die Meesterbeplanner en Meesteruitvoerder. As Allah julle nie help om julle besluite tot uitvoer te bring nie is dit tevergeefs. Allah is baie lief vir diegene wat hul vertroue op Hom plaas.(*K42:38)

160. wanneer Allah julle help, dan is daar niemand wat die oorhand oor julle kan kry nie. En as Allah julle verlaat, wie is daar dan wat julle daarna kan help? Die gelowiges moet hul vertroue in Allah plaas.

Wanaanwending en Verduistering is 'n baie groot sonde

161. Dit is ook ondenkbaar dat 'n Profeet die oorlogsbuit sal wanaanwend of verduister. Wie ook al wanaanwend of verduister sal met die Oordeelsdag alles voortbring wat hy wanaangewend of verduister het. Dan sal almal ten volle betaal word wat hulle verdien het. En niemand sal verontreg word nie.

162. Hoe dan, kan iemand wat onderdanig is aan Allah gelykwaardig wees aan iemand wat van Allah af terugkeer met Allah se misnoeë en ontevredenheid.

163. Hulle is op verskeie vlakke van belangrikheid by Allah. En Allah hou fyn dop wat hulle doen.

164. Allah het sekerlik guns verleen aan die gelowiges, toe Hy in hulle midde a boodskapper laat verrys het wie aan hulle Sy verse kan voordra, en hulle rein kan maak deurdat hulle die meeste voordeel uit sy teenwoordigheid trek en aan hulle die Boek en die Wysheid kan leer, terwyl hulle vroeër openlik gefouteer het.(K2:129)

165. Hoe is dit dat wanneer julle ontbering ly soos nou by Uhud waar sewentig van julle gesneuwel het, wat maar net die helfte so erg is as wat julle hulle aangedoen het by Badr, dat julle sê: "Waar kom dit nou vandaan, hoekom moet ons nou so ly terwyl ons tog in die teenwoordigheid van die Profeet is, besig met die Stryd van Allah?" Sê vir hulle: "Julle het dit oor julleself gebring. Dit is nie dat die vyand sterker is as julle nie, maar dat julle eie tekortkominge, soos julle ongehoorsaamheid, dit veroorsaak het. Allah is waarlik Magtiger as enigiets."

166. Wat julle dus gely het by Uhud toe die twee magte teenoor mekaar te staan gekom het was met die toegelate wil van Allah en teneinde die gelowiges te kan ken...

167. ...en teneinde te weet wie net voorgee dat hulle gelowiges is. Toe aan die gelowiges gesê was: "Kom aan, veg op die weg van Allah of verdedig", het hulle geantwoord: "Indien ons geweet het dit sou 'n geveg wees sou ons jou gevolg het." Daardie dag was hulle nader aan ongeloof as aan Geloof. Daar het woorde by hulle monde uitgekom wat nie in hulle harte was nie. Allah is egter baie goed bekend met wat hulle wegsteek. 168. Diegene wat van hul broeders gesê het, terwyl hulleself gesit het: "Indien hulle ons gehoorsaam het, sou hulle nie doodgemaak gewees het nie." Sê vir hulle: "Weer dan die dood van julle af weg as julle eg is."

Verse 169 tot 171 is geopenbaarde trooswoorde aan die Uhud-vegters wat getreur het oor hul gesneuwelde broeders-in-geloof

169. Moenie oor diegene wat gedood is op die weg van Allah dink asof hulle nie meer lewe nie. Dink eerder daaraan dat hulle lewendig is, dat hulle by hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer is, goed versorg,...

170. ...en gelukkig met dit wat Allah hulle uit genade geskenk het: tevrede daarmee dat die blye nuus van die heerlikheid van die Paradys wat hulle nou beleef aan diegene wat nog lewe gegee sal word sodat hulle nie sal vrees of treur nie maar iets wonderliks sal hê om na uit te sien.

171. Hulle voel tevrede met seën van Allah, en sy genade, en die feit dat Allah nie die beloning van die gelowiges verlore sal laat gaan nie.

Vers 172 verwys na die dag na Uhud toe die Profeet die vorige dag se vegters oproep om gereed te maak vir die geveg by Asad

172. Diegene wat gereageer het op die oproep van Allah en die Boodskapper, selfs nadat hulle verwond was, was diegene van al die metgeselle met deugsame kenmerke van regverdige optrede en 'n heilige eerbied vir Allah, hulle het goedgedoen en vir hulle is daar 'n groot beloning...

173. ...diegene aan wie die nuus meegedeel was toe hulle by Asad aankom, dat: "Ons het vir julle vreesaanjaende nuus en dit is dat Sufyan, wat besluit het om terug te draai en weer aan te val, 'n oorweldigende meerderheid soldate op die been gebring het wat gereed is om Medina binne te val. Julle moet liewers terugval en nie by die geveg betrokke raak nie" Die skrikwekkende nuus het die erg beseerde en verswakte metgeselle, egter net in Geloof laat toeneem en hulle het gesê: "Allah is genoeg vir ons, en die beste een om in te vertrou." Dapperheid het nie hier 'n rol gespeel nie maar geloofsdaad wat gegrond is op hul geloofsbesluit die dag toe hulle besluit het om Moslems te word.

174. Nadat Mabad egter vir Sufyan vertel het van die Moslems se reaksie en Allah vrees in Sufyan en sy soldate se harte geplaas, het hulle besluit om egter nie aan te val nie en te vertrek. So het die Metgeselle dan teruggekeer met oorvloed en genade wat Allah aan hulle geskenk het: oorvloed in die sin dat hulle nog 'n geveg gespaar was, dat hulle die geleentheid gekry het om handel te dryf op die mark van Hamrah en die wete dat hulle Allah bly en tevrede gemaak het deur hul onderdanigheid. Allah is die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van groot oorvloed. (K3:151)

Maar wie sit eintlik agter die bedreiging van vers 173 & 174?

175. Dit is niemand anders nie as daardie Satan wat julle bang maak vir sy vriende, die ongelowiges. Die ware agent agter die nuus dat die ongelowiges op pad terug was is Satan homself wat lief is daarvoor om Moslems beangs te maak: hy dreig Moslems met sy vriende wat hy as sy soldate misbruik. So, noudat julle weet dat dit eintlik Satan is wat agter dit alles sit, moenie vir die ongelowiges bang wees nie, want met My hulp en ondersteuning kan niemand julle enige leed aandoen nie. Julle moet net aanhou om vir My 'n heilige ontsag en respek te hê wat beteken dat julle versigtig sal wees om nie ongehoorsaam te wees nie.(K16:50 & MK2p256)

Waar die vorige verse verwys na die kwaadwilligheid van die wat

voorgee om gelowiges te wees, vertroos die volgende verse die Profeet om nie bekommerd te wees oor die onheil wat die ongelowiges bring nie want dit kan hom nie skaad nie

176. Moenie toelaat dat jy ongelukkig gemaak word deur diegene wat gou is om ongelowig te raak nie. Hulle kan Allah geen skade aandoen nie. Allah beplan om vir hulle geen deel in die Hiernamaals oor te hou nie. Vir hulle is daar 'n geweldige straf.

177. Diegene wat ongeloof koop in ruil vir Geloof kan Allah absoluut geen skade aandoen nie. Vir hulle is daar 'n pynlike straf.

Vers 178 weerspreek die valse indruk: 'Hoe kan ons sê dat Allah die ongelowiges verafsku, straf en verwerp as dit so goed met hulle gaan?'

178. En diegene wat ongelowig is moenie dink dat die tyd wat Ons hulle gee voordat ons hulle tot verantwoording bring is goed vir hulle nie. Hulle lewe in gemak en spandeer in sonde met trots en 'n gevoel van sekerheid. Ons gee hulle tyd slegs sodat hulle kan toeneem in sonde. Vir hulle is daar 'n vernederende straf.(K9:55)

En vers 179 spreek die volgende vraag aan: 'Indien die gelowiges dan Allah se gunsteling diensknegte is, waarom word hulle so beproef met alle soorte swaarkry. As hulle dan Sy gunstelinge is moes dit nie eerder hulle wees wat in gemak en gerief lewe nie?'

179. Allah gaan nie die gelowiges net los in die swaarkry en beproewing waarin julle, julself nou bevind nie, maar Allah skep die swaarkry net totdat Hy bepaal het wie glo regtig en wie gee maar net voor om te glo. Net Allah weet hoekom Hy eerder die gelowiges toets as om net eenvoudig deur openbaring die ware en valse gelowiges te ontbloot. Maar Allah kies van Sy boodskappers, vir die doel van openbaring, wie Hy wil. So, glo in Allah en Sy boodskappers, nie omdat julle dalk dink dat die boodskappers soos Allah onafhanklike kennis van die ongesiene besit nie maar juis omdat Allah met hulle, waar nodig, kennis deel- en hulle inlig oor, van die ongesiene. Indien julle dan glo, en 'n heilige ontsag en respek het vir Allah, is daar vir julle 'n groot beloning.

Die volgende verse sluit nou weer aan by verse 21 tot 25 wat handel oor die ongerymdhede in die gedrag van die Jode

Waak teen gierigheid en selfsug

180. En diegene wat gierig en selfsugtig is met wat Allah hulle uit genade geskenk het, en nie dit spandeer in die weg van Allah wat verpligtend of gewens is nie soos byvoorbeeld die Armebelasting, moenie dink dat dit goed is vir hulle nie. Dit is eintlik sleg vir hulle. Sulke mense gaan met die Oordeelsdag gedwing word om dit waarmee hulle selfsugtig was om hulle nekke te hang soos kettings en boeie. Aan Allah behoort die erflating van die hemele en die aarde. Allah is Albewus van wat julle doen.

Die Jode moet waak teen hul onbeskaamde, astrante, vermetelheid

181. Toe die profeet Mohammed die opdragte van Allah oorgedra het rakende die Armebeslating(Zakaat) en Aalmoese(Sadaka) het Allah sekerlik gehoor wat gesê was deur die Jode dat: “Allah het nou waarlik arm en behoeftig geword en ons is ryk, hoekom anders sal Allah ons nou vra om te gee.” Ons sal neerskryf wat hulle gesê, hoe hulle die Profeet behandel het en dat hulle dit wat hy gesê het as 'n grap afgemaak het, sodat Ons dit as getuienis het met die Oordeelsdag. Omdat ons reeds rekord het van die feit dat die voorvaders van hierdie Jode tydens die tyd van die profete Johannes en Sagaria selfs so ver gegaan het om Profete onregmatig dood te maak, en hulle tevrede is daarmee, is die manier waarop hulle nou teenoor die Profeet optree nie verbasend nie. Maar dan, op die oordeelsdag , sal Ons se: “Proe nou die straf van die vlammende vuur.

Die mens oes maar net dit wat gesaai was

182. Die straf wat hulle gaan kry kan die indruk skep dat Allah wreed en genadeloos is: maar dis nie waar nie. Dit is maar net die gevolge van dit wat hulle met hul eie hande oor hulself gebring het. Allah is nie wreed teenoor sy diensknegte nie.”

Vers 183 verwys na die oud profetepraktyk dat die offerandes deur 'n hemelse vuur in 'n openbare plek verbrand was om aanvaarding te simboliseer

183. Hierdie selfde Jode, verwysende na 'n ou profetepraktyk, is vermetel genoeg om leuens te fabriseer en woorde te lê in Allah se mond, dat Allah nou net weer vir hulle maak belowe het om die Profeet so te beproef: “Waarlik, Allah het ons beveel om nie in 'n boodskapper te glo nie tensy die boodskapper kom met 'n offerhande wat op die vuur verbrand kan word.” Vir hulle moet jy sê: “n Aantal boodskappers het voor my gekom met duidelike bewyse van hul profeetskap en het presies dit gedoen wat julle nou van my verwag. So waarom het julle hulle dan tog as valse profete uitgemaak en selfs doodgemaak, as julle die waarheid praat oor Allah se opdrag aan julle?”(K2:6)

Vers 184 bemoedig die Profeet om nie verontreg te voel omdat die Jode hom verwerp en as 'n valse profeet probeer uitmaak nie

184. As hulle jou dan belieg is dit niks snaaks nie want boodskappers voor jou was ook belieg. Hulle het gekom met duidelike bewyse en Geskrifte en 'n liggewende Boek en steeds het hierdie Jode hulle as vals uitgemaak en nie aanvaar nie.

185. Elke siel moet doodgaan. En dan tydens die Oordeelsdag sal julle, jul volle beloning betaal word. So, wie ook al weggehou is van die Vuur af en dan in die Paradys opgeneem word, was waarlik suksesvol*. 'n Wyse mens fokus dus nie sy bekommernis op die gemak of ongemak van hierdie aardse lewe nie maar eerder op die lewe hierna, want hierdie aardse lewe is net soos iets wat mens besit, dit is vol illusies: vandag is dit joune en more het jy dit weer verloor. (*K48:5)

Vers 186 was openbaar nadat die Jood wat die aanmerking van vers 181 gemaak het, by die profeet gekla het omdat Abu Bakr hom geklap het

186. Natuurlik gaan julle getoets word ten opsigte van julle finansiële vermoëns en ten opsigte van julleself. En natuurlik gaan julle baie dinge hoor wat julle seermaak van wat gesê word deur diegene aan wie die Boek gegee was voor julle, dit is die Jode en van diegene wat vennote met Allah assosieer, soos die Christene. Maar selfbeheersing, geduld, en julle heilige ontsag en respek vir Allah, is bepalende faktore in alle sake.(K2:245) Verse 187 was openbaar nadat die Jode die waarheid weggesteek en 'n antwoord gegee het wat strydig is met wat regtig in die Wet staan op 'n vraag wat die Profeet hulle gevra het oor iets in die Wet

187. Toe Allah die belofte verkry het van diegene aan wie Hy die Boek gegee het, was die opdrag: “Julle moet die Boek met sy opdragte en wette vryelik, openlik en universeel bekendmaak aan alle mense en dit nie om selfsugtige of om watter redes ook al van enigiemand weerhou nie.” Maar soos die Jode is het hulle nie by hul belofte gehou nie en sekere Wette van die mense weerhou. Daarby was hulle vermetel genoeg om selfs hul selftevredenheid te wys met dit wat hulle gedink het is 'n prysenswaardige daad.

188. En moenie dink dat diegene van die Jode wat net voorgee om gelowiges te wees, wat met allerhande redes Stryd ontduik en dan nog terwyl hulle tuisbly verheug is oor hoe goed hulle dit reggekry het om Stryd te kon vryspring en dan boonop wanneer die Profeet terugkeer vanaf Stryd daarvan hou om geprys te word vir dit wat hulle nie gedoen het nie, in 'n posisie is om die straf vry te spring nie. Daar is vir hulle 'n pynlike straf.

Verse 189 tot 191 was openbaar toe die ongelowiges as bewys wou hê dat die Profeet die berg Safa in goud moes verander

189. Aan Allah behoort die Koninkryk van die hemele en die aarde. En Allah is magtiger as enigiets en het mag oor alles.

190. Daarvan is daar ongetwyfeld bewyse in die skepping van die hemele en die aarde met al die lewende wesens en dinge, met koninkryk na koninkryk van verskillende tipes en toestande asook die hoogtes en die dieptes: in alle dimensies, wat alles heenwys na die Skepper daarvan asook in die opeenvolgende wisseling van nag en dag met die variasies in tyd tussen winter en somer. In al hierdie ingewikkelde samewerking van elemente en kragte is bewyse van Allah se almag, vir wyse mense.

191. en wyse mense is hulle wat Allah voortdurend met verwondering

in gedagte hou as die Skepper en Samesteller-, wanneer hulle staan en wanneer hulle sit en wanneer hulle op hul sye lê en nadink oor die skepping van hierdie wonderlike georganiseerde en komplekse stelsel van die hemele en die aarde terwyl hulle sê: “Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer ons kan sien dat U dit alles nie sommer net en doelloos geskape het nie maar alle dinge en hulpmiddels was doelbewus geskape om die mens te dien en deur die mens benut en beheer te word terwyl die mens geskape is om U te gehoorsaam en te aanbid. Ons gee amptelik kennis van- en verkondig U reinheid. So, beskerm ons van die straf van die Vuur.(K12:109)

Verse 192 tot 194 bevat 'n stel pleidooie en gebede deur diegene wat die onder die besef van die bestaan en almag van die Skepper van hierdie heelal gekom het en hulleself nou aan Hom onderwerp

192. Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, dit gaan vir diegene wat U in die Vuur gaan opneem, 'n ervaring van vreeslike vernedering en skande wees. En niemand sal dan enige hulp kan verleen aan hierdie sondaars nie. Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, ons het 'n boodskapper hoor roep wat mense uitnooi om die Geloof aan te neem en om Moslems te word: 'Glo in julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer.' En ons het geglo.

193. Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, omdat ons na die boodskapper geluister het en geglo het, vergewe ons daarom uit genade ons sondes, en vee die rekord met al ons tekortkomings en wandade skoon asof ons nog nooit iets verkeerds gedoen het nie soos wat 'n boekhouer slegte skuld afskryf*, en neem ons na U toe saam met diegene wat U vergewe het en van die Vuur bewaar het. (*K48:5)

194. En onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, gee aan ons die seëninge van die Paradys wat U ons belowe het deur U boodskappers, en bewaar ons van die skande van die Hiernamaals: die skande van die afrekening en die vernedering van die aanhoor van al ons wandade want dit sal vir ons 'n geweldige vernedering wees om op die Oordeelsdag ontbloot voor die hele wêreld te moet staan en tot die Vuur verdoem te word. Omdat U nooit U beloftes verbreek nie vra ons om volkome vergewe te word.”

Goeie nuus: die voorgaande gebede is verhoor en die belonings is gereed!

195. So, hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer het toe hul gebed verhoor en gesê: “Ek laat nie die goeie werke van enigiemand onder julle, man of vrou, verlore gaan nie. Julle is die een van die ander. Diegene wat emigreer het en uit hul huise uitgesit was, en gemartel was terwyl hulle met My werk besig was, en geveg het, en gedood is, ek sal verseker hulle sondes en tekortkominge in die vervulling van hul verpligtinge teenoor Allah vergewe soos wat 'n boekhouer slegte skuld afskryf, en ek sal hulle verseker opneem in tuine waaronderdeur rivier vloei, as beloning vanaf Allah Homself. En die mooi van die beloning is eintlik daarin dat dit by Allah is: dit gaan eintlik om Allah en nie soseer om die beloning nie.”

Verse 196 & 197 beveel Moslems om nie mislei te word deur die skynbare welvaart van die ongelowiges nie

196. Moenie mislei word deur die skynbaar suksesvolle en welgestelde lewens van die ongelowiges hier op aarde nie.

197. Dit is slegs maar genietinge wat van korte duur is. Daarna is hul tuiste die Hel, en dit is 'n slegte, bose plek om in te wees.

Vers 198 herbevestig die beloftes van ewigdurende seëning in die Paradys

198. Maar diegene wat 'n heilige ontsag en respek het vir hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer, vir hulle is daar Tuine waaronderdeur riviere vloei, waar hulle vir ewig sal lewe met komplimente- en die gasvryheid van Allah. En wat by van Allah is, is die beste vir die regverdiges.

Vers 199 verwys na die groot beloning wat wag op die Jode en Christene wat Islam aangeneem het

199. Dit is inderdaad so dat daar onder die mense van die Boek diegene is wat in Allah glo asook in dit wat aan jou geopenbaar was en in dit wat aan hulle geopenbaar was, en hulleself nederig aan Allah onderwerp. Hulle verruil en verkoop nie die verse van Allah vir onbeduidende aardse winste nie. Hulle het hul beloning by hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Waarlik Allah is vinnig om af te reken.

200. Gelowiges, die kern van julle geloof is: julle moet geduldig wees, julle moet selfs geduldiger wees as enigiemand anders, julle moet julle grense bewaak en julle moet 'n heilige ontsag en respek hê vir Allah, sodat julle suksesvol kan wees.

Geduld bedoel die inspanning om jouself te beheer en te beskerm teen jou eie glibberige self, in reaksie op dit wat op daardie oomblik as onaangenaam ervaar word. Geduld behels drie dinge:

1. Geduld met jou verpligtinge: die doel is om jouself absoluut vasgenael te hou in die uitvoering van opdragte en verpligtinge te spyte van hindernisse.

2. Geduld teen die sonde: die doel is om jouself te weerhou van wat ook al verbode is maak nie sien hoe begeerlik en aantreklik dit mag wees nie.

3. Geduld in nood: die doel is om krag te put uit die wete dat alle pyn en ongemak van Allah af kom sodat jy dit kan verduur en verdra sonder om angstig te raak.

Bewaking van die grense bedoel die grense van Islam op militêre manier asook die grense van jou geloofspraktyk soos om Aanbidding sover moontlik saam met die gemeente te doen, die Mindere Reiniging voor Aanbidding so akkuraat as moontlik te doen en opgewonde op die volgende Aanbiddingstyd te wag.

_____

Mag Allah ons in staat stel om ooreenkomstig hierdie opdragte op te tree.